

Sondag 8 April

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 3:5-10

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 3:8

Staan vas en leef!

Die geweldige onsekerheid wanneer ons op nuus van iemand wag, kan ons dikwels met kommer vervul. Paulus was diep bekommerd dat hierdie klompie gelowiges weer sal terugval in die heidendom waaruit hulle kom. Hy het rede tot kommer, want in drie weke kon hy nie die fundamente van die geloof vaslê nie. Daar is nog baie wat in die kennis van hulle geloof ontbreek, en daar is nog soveel onsekerheid oor die toekoms van hierdie gemeente in Tessalonika.

Dan kom die berig van Timoteus: Hulle staan vas in die geloof. Die mense in Macedonië praat oor die geloof en die liefde wat onder hierdie klompie gelowiges sigbaar word. Die verligting wat Paulus uitspreek, is amper tasbaar in die gedeelte wat ons kon lees. Nou leef ons as julle in die Here vasstaan!

Vergeet nie vir een oomblik nie dat die aanslag van die ongelowige Jode nog fel teen die kerk van Christus woed. Die apostels bedien die evangelie in lewensgevaar, want hulle word verjaer en vervolgd. Die moontlikheid van die dood is 'n daaglikse realiteit, maar te midde van die aanslag kan Paulus net in verligting uitroep: Nou leef ons! Vir hom en sy medewerkers was hierdie goeie nuus soos 'n opstanding uit die dood van hulle bekom-mernis. Dit te midde van die feit dat hulle eie omstandighede dikwels droewig is.

Waar die geloof in Christus groei en die vrug van geloof, liefde en hoop sigbaar word, sal die vreugde en die blydskap van die lewe altyd duidelik word. Die ouer of grootouer wat dood van bekommernis is oor 'n kind wat aan die verleiding van die wêreld blootgestel is, leef weer wanneer daar by hulle kind 'n getuienis van geloofstandvastigheid is. Dit is tog nie vreemd nie, want die regverdige sal deur die geloof lewe, ook wanneer ander se geloofsgetuienis sigbaar word. Ons leef daaglik binne die realiteit van die dood om ons. Laat ons bly wees en God dank vir die oorfloedige getuienis van geloofstandvastigheid waarvan ons hoor. Dit bevestig ook net weer: Deur die geloof leef ons.

Sing: Psalm 86-1:1, 3

Ds. Christiaan Jooste (Waterberg)